BEGINSELS VIR GESONDHEID EN VEILIGHEID BY SUIWEL-EN VEEPRODUKSIE

Die vaardigheidsprogram sluit in die toepaslike seksies van die Suid-Afrikaanse Wet op Bedryfsgesondheid en –Veiligheid van 1993 wat werkers in die suiwel- en veeproduksie-omgewing raak. Die pligte en verantwoordelikhede van die werkgewer en die werknemers, vereistes vir vervoer, laai en veiligheid van toerusting, sowel as the aksies wat tydens noodtoestande geneem moet word, word bespreek.

Die suiwelbedryf in Suid-Afrika word gereguleer deur verskillende wette, regulasies en riglyne. Hierdie kursus sluit ook opleiding in vir persoonlike en voedselhigiëne wat toepaslik is op die produksie en hantering van melk sowel as goeie melkplaaspraktyke wat gebaseer is op die Suiwel Standaard Agentskap se Kode vir Optrede vir Melk Produsente. Rekords van hierdie opleiding moet ook aan ‘n inspekteur op versoek beskikbaar gemaak word.

Die vaardigheidsprogram vir gesondheid- en veiligheidsbeginsels van suiwel-en veeproduksie bestaan uit die volgende eenheidstandaarde:

US 123172	Pas gesondheid en veiligheid by suiwelproduksie en –verwerking toe asook met vee
US 119447	Gebruik gesondheid- en veiligheidsbeginsels in suiwel- en veeproduksie

Die inhoud van die vaardigheidsprogram is saamgestel volgens die spesifieke uitkomste, beoordelingsmaatstawwe en eenheidstandaarde is noodsaaklike ingeboude kennis:

Gebruik en toepas van gesondheid en veiligheidsbeginsels in die suiwel- en veeproduksie en –verwerking (US 123172 en US 119447)

1. Verduidelik en verstaan die toepaslike seksies van die Gesondheids- en Veiligheidswet wat werkers in die Suiwelproduksie–aanleg raak

- Die belangrikheid van veiligheidsprosedures.
- Die bepalings van die Bedryfs Gesondheid en –Veiligheidswet wat die Suiwelbedryf raak.
- Die SOPs wat geld vir veiligheid in die suiwelbedryf.

2. Verduidelik en verstaan die pligte en verantwoordelikhede van werkgewers en werknemers om ‘n veilige en gesonde werkomgewing te skep in die suiwelbedryf

- Faktore wat bydra tot a veilige werkomgewing.
- Die maatreëls wat werkgewers moet toepas om ‘n veilige werkomgewing te skep.
- Die belangrikheid daarvan om gesondheid-en veiligheidsopleiding aan werkers te verskaf.

- Voorbeelde van inligting oor tekens/simbole, opdragtekens/simbole, brandvoorkomingtekens/simbole en waarskuwingstekens/simbole.

3. Verduidelik en verstaan die pligte en verantwoordelikhede van werknemers in ‘n suiwelaanleg

- Gesondheid- en veiligheidstoetse word uitgevoer volgens die standard-werkprosedures.
- Redes waarom verskeie PBT (persoonlike beskermingstoerusting) items gebruik moet word in die werkplek.
- Sorg en onderhoud van PBT wat in die werkplek gebruik word.
- Prosedures vir die aanmeld van gesondheid- en veiligheidsgevare word verduidelik.
- Die veilige gebruik van toerusting wat in die werkplek gebruik word, word gedemonstreer.
- Die nodigheid om werkplektoerusting te versorg.
- Die belangrikheid van goeie huishouding.

4. Veiligheid van toerusting vir vervoer en laai

- Redes waarom laaibeperkings vir verskillende soorte vervoertoerusting nie oorskry mag word nie.
- Korrekte laai van groot en klein toerusting.
- Regulasies vir die gebruik van voorlaaiers volgens die **SOPs**.
- Gebruik die regte hystegnieke vir persoonlike veiligheid.

5. Aksies wat geneem moet word tydens ‘n noodtoestand

- Faktore wat in ag geneem moet word tydens ‘n noodtoestand.
- Prosedures wat gevolg moet word wanneer ‘n werker beseer is.
- Ontruiming tydens ‘n noodtoestand.
- Prosedures vir die aanmeld van ‘n noodgeval.

<u>Werkkode vir Melkprodusente</u>

1. Strukturele en masjienonderhoud

- Algemene vereistes vir die melkafdak.
- Vereistes vir die mekportaal.
    - Struktuur
    - Melktoerusting
- Algemene vereistes vir die melkkamer
    - Struktuur
    - Melkopgaring-en verkoelingstoerusting

2. Goeie Melkpraktyke
    - Melkprosedures
    - Speen- en uiergesondheid
3. Dieregesondheid en -welsyn.
    - Kuddegesondheid
    - Dierevoer en water
    - Dierewelsyn
4. Higiëne
    - Algemene higiëne

- Persoonlike higiëne
- Opleiding

5. Dokumentasie